

GOUSBLOMME



BENODIGDHEDE: Fyn wit materiaal, grootte soos verkies om 'n motief in elke hoek te kan borduur: DMC- spesiale stringkatoen, Art 117, in die volgende kleure: 7 stringe mosgroen nr. 3347; 7 stringe groen nr. 3346; 4 stringe donkergroen nr. 3345; 6 stringe donkeroranje nr. 900; 6 stringe helder oranje nr. 747; 5 stringe donkergeel nr. 741; 8 stringe goudgeel nr. 742; 4 stringe liggeel nr. 743; bypassende borduurnaald.

AANWYSINGS: Kap die rande om, om uitrafel te voorkom. Die motiewe moet só in die hoeke geplaas word dat die hele ontwerp op die tafelblad val en die blomme na mekaar wys.

Bepaal eers die presiese plek in elke hoek waar die diagram nagetrek moet word.

Gebruik borduurskoolpapier om die diagram op die materiaal na te trek. Gaan só te werk. Speld die materiaal aan 'n oppervlak,


bv. 'n tekenbord, vas en plaas die ontwerp daarop. Plaas dan die koolpapier met die koolkant op die materiaal, onder die diagram. Speld alles goed vas en trek al die buitelyne met 'n skerp, harde potlood na. Verwyder die koolpapier en diagram. Daar moet nou 'n fyn afdruk sigbaar wees. Nou kan jy met die borduurwerk begin.

Volg die kleursleutel van die diagram en borduur plat- of stamsteek soos benodig. Die blomme word met 6 drade geborduur. Vir die dikker steeltjies word platsteek met 4 drade geborduur; 3 drade vir die blare en vir die dun steeltjies moet 2 drade gebruik word.

Wanneer die borduurwerk voltooi is, moet 'n netjiese soom rondom die hele tafeldoek gestik word om dit finaal af te rond.

Pars borduurwerk altyd aan verkeerde kant van materiaal om die borduurwerk te laat uitstaan.

WAT AMPER EG LYK



Borduur 'n bos gousblomme in elke hoek

van 'n tafeldoek. Hier is 'n pragtige

ontwerp met baie moontlikhede

SLEUTEL A — mosgroen 3347; **B** — groen 3346; **C** — donkergroen 3345; **D** — donkeroranje 900; **E** — helderoranje 747; **F** — donkergeel 741; **G** — goudgeel 742; **H** — liggeel 743